energy
Department:
Energy
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**Minister Toespraak vir besoek aan**

**Matzikama Munisipaliteit, Wes Kaap**

**31 Julie 2012**

Burgermeester van Weskus Distrik Munisipaliteit,

Burgermeester van Matzikama Munisipaliteit,

Munisipale Bestuurder van Matzikama Munisipaliteit,

Raadslede van Matzikama Munisipaliteit,

Raadslede van Weskus Distrik Munisipaliteit,

Verteenwoordigers van Eskom en Departement van Energie,

Mense van Matzikama Munisipaliteit en Vanrhynsdorp.

Goeie dag!!!!!

Eerstens wil ek Matzikama Munisipaliteit en die gemeenskap bedank vir die geleentheid om vandag hier by julle te wees.

Dus ‘n wonderlike voorreg om deel te kan wees van ‘n geskiedkundige mylpaal wat hierdie munisipaliteit bereik het om nog meer inwoners van elektrisiteit te voorsien.

Sou iemand vandag se dat die ANC Regering niks vir hom doen nie - Mislei hy homself en die waarheid is nie in hom nie.

As lid van die Kabinet kan ek bevestig dat die Regering in samewerking met Eskom en munisipaliteite alreeds meer as 5.45 miljoen huishoudings voorsien van elektrisiteit as deel van die  Regering se INEP Program.

Ons moet erken dat die Weskus gedeelte van die land oor tyd afgeskeep was. Die Regering is besig om terug te veg om dit om te keer.  Dit is alreeds duidelik met die my besoek hier vandag vir die formele onthulling van die nuwe elektrisiteit infrastruktuur.  Die ANC Regering is ernstig oor diens lewering, asook om die regte omgewing te skep vir die effektiewe lewering van basiese dienste.

Die Departement van Energie, as deel van die leweringsarm van die Regering, fokus op agtergeblewe gebiede in landlike omgewings en plaas klem op sulke omgewings, soos wat daar ook hier in Matzikama Munisipaliteit gebeur het.

Om elektrisiteit vir gemeenskappe te bring, het die land voldoende kragvoorsing en network infrastrukuur nodig.  Dus moet ons vroegtydig nuwe krag generators in plek kry.  Dit neem ‘n aansienlike tyd, afhangende van die tipe tegonologie en grote van die opwekkers, kan dit tot 10 jaar neem voordat so ‘n kragstasie klaar is.  Ons vind ook deesdae dat dit neem ‘n lang tyd om hoogspanninglyne te bou, aangesien so baie grondeienaars nie wil toegang verleen vir die lyne om oor hul grond te loop nie.

Met betrekking tot elektrisiteit opwekking, is dit baie duidelik dat Suid-Afrika kan nie net aanhoudend gebruik maak van steenkool opwekking nie. Dit het ook baie duidelik uitgekom in die IRP 2010 strategies opwekkings stategie dokument wat my department verlede jaar gepubliseer het.

Dit is n 20 jaar elektrisiteits voorsienings plan waarin die verskillende opsies van opwekkings tegnologië met mekaar vergelyk word volgens verskillende kriteria, wat onder andere insluit die "goedkoopste opwekkings" opsie, maar ook om die beginsel van skooner opwekkingsmetodes daar te stel. Dit is egter nie so eenvoudig nie, want Suid Afrika het steenkool en ander natuurlike basiese energiebronne wat tot ons beskiking is. Ons sal nog steeds hiervan gebruik maak, maar in 'n meer verantwoordelike en volhoubare manier.

Uit die 20 jaar IRP 2010 plan het dit baie duidelik geword dat Suid Afrika ander opwekkings opsies sal kan en ook moet implementeer, soos byvoorbeeld wind, son krag, kernkrag en elektrisiteit opwekking deur gas en afval en vullis produkte wat in gas omgesit kan word. Ons sal ook met ons bure moet saamwerk met energy bronne soos hidro elktriese opwekking.

Ek deel die inligting met julle, want as Regering van die dag soos ons die elektrisiteit vanaf die onderskeie opwekkers na elke huishouding in die land neem, ons ook fisies naby die mense van Suid Afrika wil kom deur effektiewe dienste te lewer aan almal. Maak nie saak van watter kant in die land jy is nie!

My besoek vandag hier is om te bewys vir die mense van Matzikama dat die belofte wat ons vorige president gemaak het dat elkeen in Suid Afrika toegang sal hê tot elektrisiteit, waar word. Baie mense in Matzikama Munisipaliteit het vandag elektrisiteit, sowat 13 000 huise het elektrisiteit, maar daar is nog steeds sowat 2 400 huise wat nog nie ge-elektrifiseer is nie.

Om die agterstand wat nog bestaan aan te spreek is ons hier om amptelik die Vanrhynsdorp 10MVA beheer skakeling of sub-stasie te open. Die skakeling stasie het verseker dat 545 nuwe huise vir die eerste keer elektrisiteit kon ontvang. Die skakel stasie en meegaande elektrifiseerings projek het sowat R6 miljoen gekos. Die infrastruktuur sou nie moontlik gewees het sonder die fanansiële toekenning wat die department van energie gemaak het vir die onderskeie projekte nie.

My besoek hier is nie net om die amptelike aanskakeling te doen nie, maar is ook om myself te verwittig van wat die situasie hier in Matzikama Munisipaliteit is rakende die elektrisiteit voorsiening. Daarom het ek ook amptenare van my department saamgebring om ons te verwittig, om dit so te stel, *van die situasie op die grond* te verwittig, want in ons kantore in Pretoria kan mense nie die uidagings op die grond verstaan as jy nie self daar was nie.

Ek will ook van die geleentheid gebruik maak om die Munisipaliteit van Matzikama en die mense van Vanrhynsdorp en omgewing geluk te wens met jul prestasie met die suksesvolle voltooing van die projek.

Soos u weet, is die Matzikama Munisipaliteit gelisensieer om krag te versprei, maar nie alle Munisipaliteite doen ‘n suksessevole werk hiervan nie.

As gevolg van die goeie werk wat hier gelewer is, kan ek nou aankondig dat vir die hudige 2012/13 finasiële jaar, ‘n spesiale addisionele befondsing sal aan die Munisipaliteit beskikbaar gestel sal word tydens die 2012/13 her-toekennings proses wat ons in Oktober 2012 sal doen.

Ek het INEP instruksie gegee om saam met die Matzikama Munisipaliteit uit te werk wat die behoefte is wat nog in die finansiële jaar aangespreek sal kan word, maar ook nog voltooi sal kan word.  My amptenare sal in kontak wees met die Matzikama Munisipaliteit na die funksie om die detail hiervan te bespreek.

Addisioneel tot die hulp,  het my Departement reeds R4 million geoormerk vir 2013/14 and 2014/15 finansiële jare vir Matzikama munisipaliteit, wat vir sowat 400 huise elektrisiteit konneksies sal kan verskaf.

Die beplanning vir die projekte, asook watter areas die nuwe konneksies sal ontvang, sal deur die loop van die jaar gemaak word. Ons het ook alreeds R200 000 geoormerk vir Eskom vir opgradering en nuwe konneksies vir die volgende twee fiansiële jare.

Ek wil afsluit deur te versoek, nee ek wil jul instruksie gee, dat elke inwoner moet help om om te sien na die elektrisiteit infrastruktuur wat die Munisipaliteit en Eskom namens jul bedryf. Verder is die elektrisiteit wat deur die drade en infrstruktuur vloei ook net so belangrik, as die infrastruktuur.

Dit is nie jou koper drade of transformers nie, net so ook nie die krag in die drade nie.  Jy kan dit nie vat soos jy goed dink nie!

As jy dit doen, veroorsaak jy nie net dat iemand anders gaan nie krag hê nie, en verder sal dit ook beteken dat die krag sal moet duurder word, want as jy iets onwettigs vat, jy steel dit, beteken dit dat daar nie daarvoor betaal is nie en op die ou end betaal almal meer en die diens is swakker as gevolg van die tekort aan toerusting of krag.

Ek wil as ek terugkom hiernatoe oor ‘n paar jaar nog steeds die netwerke sien en hoor dat dit krag daardeur vloei. As jy dus mense sien wat nie die krag of die toerusting oppas of dit beskadig en dit onwettig misbruik vir hul eie gebruik, gee dit asb aan by die SAPS of sms ‘n boodskap na 32211 as deel van “Operation Khanyisa” om enige elektrisiteitdiefstal anoniem aan te meld.

Onthou die maklike sms nommer 32211. Verder moet elkeen betaal vir sy en haar krag, anders sal niemand op die ou end krag hê om te gebruik nie.

Ter afsluiting, die Regering is op ‘n onomkeerbare pad om seker te maak dat daar basiese dienste gelewer sal word vir elke gemeenskap in die land, ook hier in Vanrhynsdorp en in die breer Matzikama.

Baie Dankie